26 Julie 2020

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

nous praktiese wysheid...

Romeine 8: 26-39

ons storie
ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Vertel van 'n keer toe dinge nie so goed uitgewerk het soos wat jy gehoop het nie.

word stil

Lees Psalm 105: 1-11 as 'n gebed.

Dink na oor hoe God sy verbond (die belofte om altyd jou God te wees) in jou lewe in stand hou.

GOD se storie
wat sê die Bybel

Lees saam
Romeine 8: 12-25

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

GOD se storie
gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.
- Hoe help verse 26-27 jou gebedslewe? Wanneer is dit vir jou die moeilikste om te bid? As die Gees vir ons intree, hoekom bid ons dan nog?
- Gesels oor die betekenis van vers 28. Hoe help die aanhaling: "*Everything will be okay in the end and if it is not okay, it is not the end yet.*" Kan gelowiges dus verwag dat alles altyd goed sal wees?
- Wat beteken dit om gelykvormig te wees aan die beeld van die Seun? Hoe slaag jy daarin? Hoe sal dit wees as ons dit regtig ernstig neem?
- God is vir ons. Wat is volgens verse 31-39 die implikasies van hierdie stelling? Beteken dit dat dit altyd goed sal gaan met ons? Hoe verander dit die manier waarop jy lewe?
- Niks skei ons van die liefde van Christus nie. Gesels oor die implikasies hiervan? Watter invloed het dit op die manier waarop jy na die lewe kyk?
- Lees weer verse 38-39. Hoe het jy hierdie belofte in jou lewe al beleef? Waar het jy op die oomblik hierdie belofte in jou lewe nodig?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.
Verder en Voor:

Wat is vir jou die mees vertroostende aspek van hierdie gedeelte?
Hoe sal jy dit vir iemand verduidelik wat deur moeilike goed gaan?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

Dank God daarvoor.